

**MOENIE OORHAASTIG BEE NIE  
(DON'T BEE IN A HURRY)**

**DEUR**

**DR PHILIP THEUNISSEN  
COMPUTUS BESTUURSBURO**

---

Die ANC het reeds in 1955 in die Freedom Charter gesê: "... *our country will never be prosperous and free until all our people live in brotherhood, enjoying equal rights and opportunities.*" Toe die party uiteindelik in 1994 aan bevind gekom het, het hierdie siening in die Heropbou en Ontwikkelingsplan (*Reconstruction and Development Programme - RDP*) van 1994 gestalte gevind en was die sentrale doelwit daarvan om ras uit die eienaarskap en beheer van besighede te verwyder deur op 'n beleid van swart ekonomiese bemagtiging (BEE) te fokus.

Die RDP-siening was baie vaag en nadat daar gevoel is dat die veranderinge nie sigbaar genoeg is nie, is die *Broad-Based Black Economic Empowerment Act* op 6 Januarie 2004 gepromulgeer. Hierdie wet moes 'n wettig afdwingbare raamwerk vir swart ekonomiese bemagtiging skep deur middel van gedragskodes en handveste sodat daar 'n merkbare styging in die getal swart mense moes wees wat die land se ekonomie besit, bestuur en beheer. Daarmee saam moes daar 'n merkbare daling in die ongelykheid van inkomste wees.

Hoewel die blote teenwoordigheid van histories agtergeblewenes in besighede nie maklik afdwingbaar is nie, kan die regering swart ekonomiese bemagtiging (BEE) afdwing wanneer hyself kontrakte vir goedere of dienste met besighede aangaan, lisensies of permitte vir spesifieke aktiwiteite toestaan (kasino's/delwerye), konsessies vir die gebruik van staatsbates toeken, staatsbates of –besighede verkoop of tot staats/privaat vennootskappe toetree.

**Histories benadeeldes**

Die voornemende bevoordeeldes van BEE is al op verskeie maniere gedefinieer soos voorheen/histories benadeeldes of swart persone. Die BEE-wet van 2003 definieer die bevoordeeldes spesifiek as *Africans, Coloureds and Indians*. In die eerste konsep was Suid-Afrikaanse burgerskap ook deel van die beskrywing maar dit is intussen weggelaat. Dit is nie seker wat blanke vroue of gestremdes se status tans ten opsigte van die BEE-wet is nie maar andersins word hulle ook as voorheen benadeeldes beskou.

**Telkaarte**

'n Groot aantal sogenamde swart bemagtigingsbesighede met swart mede-eienaars het aanvanklik na vore getree om aan die regering se vereistes te voldoen. Die ironie was dat baie

van hierdie swart mede-eienaars nie eens geweet het dat hulle deel van 'n BEE-besigheid was nie. Om hierdie probleem te oorkom, het 2003 se BEE-wet swart bemagtiging in drie afsonderlike maar ook ineengeskakelde aspekte verdeel. Die eerste is direkte bemagtiging waarvan die doelwit is om eienaarskap en beheer deur swart persone te bevorder. Die tweede is die bevordering van menslike hulpbronne se ontwikkeling. Die laate deel moet indirekte bemagtiging aanspreek.

Die onderafdelings van die drie oorhoofse aspekte bestaan uit die volgende:

- **Eienaarskap:** wat die mate van eienaarskap van swart persone in die besigheid behels;
- **Bestuur:** wat die hoeveelheid swart persone in die besigheid se topbestuur behels;
- **Gelyke werksverskaffing:** wat die hoeveelheid swart werkers in die besigheid se totale arbeiderskorps behels;
- **Vaardigheidsontwikkeling:** wat die besigheid se bydrae is om swart werkers se vaardighede te ontwikkel;
- **Voorkeurverkryging:** wat die vlak van BEE van besighede bepaal by wie die besigheid sy produksiemiddele of grondstowwe aankoop;
- **Ondernemingskap en gelykheid:** wat die beleggingsinisiatiewe van die sektor in nuwe BEE-ondernemings behels;
- **Spesifieke sektorfaktor:** wat 'n oop kategorie is waarmee 'n spesifieke faktor vir 'n sektor bygevoeg kan word.

Die BEE status van 'n besigheid word op grond van bogenoemde kriteria as 'n telling op 'n BEE-telkaart bereken eerder as die blote persentasie van eienaarskap wat deur swart persone gehou word. Sulke telkaarte bestaan reeds vir Mynbou, Maritieme vervoer, Uitvoere, Petroleum industrie asook vir Inligtings- en Kommunikasietegnologie.

## **Landbou**

Die Minister van Landbou, Thoko Didiza, het op 26 Julie 2004 'n konsepvoorstel vir landbou se BEE-handves bekendgestel. Hierdie dokument is gladnie goed ontvang deur die landbousektor nie en die gevolg is dat 'n bestuurskomitee aangewys is wat tans besig is om 'n gedragskode en handves vir landbou op te stel. Daar bestaan op die oomblik dus geen telkaart vir landbou nie en boere wat nou reeds daaraan probeer voldoen is miskien ietwat oorhaastig. Die regte strategie is dalk eerder dat boere hulle op 'n moontlike telkaart kan voorberei maar dat hulle beslis nie oorhaastige besluite moet neem wat later dalk nie tred hou met die uiteindelijke telkaart se vereistes nie.

Landbou se probleem met die ontwikkeling van 'n telkaart is tweeledig. Eerstens is landbou die enigste sektor wat ook vir grondhervorming verantwoordelik gehou word, buiten die swart bemagtiging wat geïmplenteer moet word. Tweedens word boere en agribesighede onder dieselfde kam geskeer in die minister se konsepdokument terwyl daar beslis twee afsonderlike telkaarte daarvoor moet wees.

## Hoe werk die telkaart?

Die telkaart werk op die basis van 'n geweegde gemiddeld. Dit identifiseer sewe kriteria waaraan 'n gewig toegeken is. 'n Voldoeningsteiken moet nou deur die betrokke sektor se handves en gedragskode vasgestel word. Die berekening van die telkaart vir 'n tipiese boerdery verskyn in tabel 1. Die teikens en gewigte wat hierin gebruik is, is opgestel volgens die minister se voorstelle in haar konsepdokument en is dus nog nie gefinaliseer nie.

**TABEL 1: TELKAART VIR TIPIESE BOERDERY**

	Weighting	Target	Actual	Score	Conversion
<b>Direct Empowerment</b>	<b>30.0</b>	<b>85.0</b>	<b>60.0</b>	<b>15.7</b>	
- Ownership	20.0	35.0	10.0	5.7	100%+25.1% x 12% x 20
- Management	10.0	50.0	50.0	10.0	100%+40% x 20% x 10
<b>Human Resource Development</b>	<b>30.0</b>	<b>80.0</b>	<b>80.0</b>	<b>30.0</b>	
- Employment Equity	10.0	70.0	70.0	10.0	100%+40% x 20% x 10
- Skills Development	20.0	10.0	10.0	20.0	100%+30% x 20% x 20
<b>Indirect Empowerment</b>	<b>30.0</b>	<b>60.0</b>	<b>55.0</b>	<b>25.0</b>	
- Preferential Procurement	20.0	50.0	50.0	20.0	100%+30% x 20% x 20
- Enterprise Development	10.0	10.0	5.0	5.0	100%+10% x 10% x 10
<b>Sector Specific</b>	<b>10.0</b>	<b>0.0</b>	<b>0.0</b>	<b>0.0</b>	
- Variable Criteria	10.0	0.0	0.0	0.0	100%+50% x 40% x 10
<b>Overall Weighting Average</b>				<b>70.7</b>	

Volgens die berekenings in die telkaart het hierdie boerdery 'n telling van 70,7% ten opsigte van swart bemagtiging. Dit is onder die teiken vir direkte bemagtiging omdat die werklike bydrae tot eienaarskap slegs 10% is. Dit is op teiken met die menslike hulpbronnontwikkeling en byna op teiken met die indirekte bemagtiging. Die interpretasie daarvan verskyn in Tabel 2.

**TABEL 2: INTERPRETASIE VAN TELKAART**

	Lower	Higher
Limited contributor	0.0	40.0
Satisfactory contributor	40.1	64.9
Good Contributor	65.0	79.9
Excellent Contributor	80.0	100.0

Hoewel hierdie boerdery dus slegs 10% in terme van eienaarskap bemagtig het, dra die ander kriteria daartoe by dat hierdie boerdery as 'n goeie bydraer tot bemagtiging (tussen 65.0 en 79.9%) geklassifiseer sal word. Dit illustreer dus die punt dat boere nie nou oorhaastig met BEE moet wees nie maar eerder moet wag totdat die finale gedragskode en handves, spesifiek vir boerderye, gefinaliseer is. Waar boere deur aankopers gedwing word om 'n BEE-plan voor te lê en hulle dus nie anders kan as om nou reeds 'n struktuur op te rig nie, moet hulle dit binne die raamwerk van die algemene telkaart doen, met inagneming dat die gewigte en teikens vir boerderye dalk vorentoe anders kan lyk.

## **BEE in die praktyk**

Indien grondhervorming buite rekening gelaat word kan dit dus baie maklik vir 'n boerdery wees om die operasionele gedeelte of selfs 'n enkele vertakking in 'n BEE-onderneming te omskep. Dit kan byvoorbeeld gedoen word om daardie deel van die boerdery, met die gepaardgaande trekkers en implemente, na 'n beslote korporasie oor te dra waarin die swart plaaswerkers dan 25% eienaarskap en 50% bestuurskontrole kan kry. Gelyke indiensneming, met die gepaardgaande vaardigheidsontwikkeling, kan ook binne die beslote korporasie gedoen word en daar kan aan die voorkeurverkrygingskriterium ook voldoen word.

Die grond behoort steeds aan die boer en die beslote korporasie huur die grond van die boer. Indien die uiteindelijke handves vir landbou die boer gaan verplig om 'n deel van sy grond ook aan swart persone oor te dra, sal die uiteindelijke struktuur dus anders lyk.

Dit is veral die grondhervormingsgedeelte wat baie boere tans ongelukkig maak oor BEE. Voordat daar dus nie uitsluitel hieroor verkry is nie, is daar te veel onsekerhede oor 'n BEE-telkaart vir landbou en moet boere nie oorhaastig wees om 'n BEE-struktuur op te rig nie.

---

**Bethlehem**  
**Augustus 2005**